28 Des

Uitgawe 2011/12/28

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir gebedsinligting, besoek www.jwipn.com, www.global24-7.org en www.globalprayerwatch.org

Herlewing

Want so sê die Here HERE, die Heilige van Israel: In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertroue bestaan julle krag. (**Jesaja 30:15**). Baie mense het nou die geleentheid om met verlof te gaan en tyd met hul families te spandeer. Dit is ook 'n gulde geleentheid om op God se goedheid deur die afgelope jaar te reflekteer en om die pas van die daaglikse gejaag af te skakel en net by die voete van ons Skepper te sit en na Sy stem te luister. 'n Tyd van verfrissing en rus. ***Hemelse Vader, ons siel hunker na U. U alleen besit die woorde wat lewe gee. Ons wil in U teenwoordigheid rus en U goedheid ervaar.***

Deurbraak: Afrika Boek van Handelinge

God het Homself deur drome aan Volahavana geopenbaar op die ouderdom van tien jaar. Elke aand het 'n lang man wat in wit geklee was haar voete gewas en met 'n handdoek afgedroog. Jare daarna het een van Volahavana se stiefsusters siek geword. Volahavana was besig om die vuur aan te steek om te kook, toe 'n stem haar beveel om op te staan en haar arms om haar suster te vou. Die demone het uitgeroep: "Ons sal uitgaan, want Een wat sterker is as ons is oppad." Die jongmeisie was ten volle genees en het tot haar sinne gekom. Die volgende aand het Jesus aan Volahavana verskyn en gesê: "Staan op, verkondig die Goeie Nuus aan die hele wêreld. Dryf die demone uit. Verbind jouself tot dit en moenie huiwer nie. Die tyd het gekom dat die Seun van die Mens verheerlik moet word in die Matitanana en Ambohibe stamme. Ek het jou uitverkies vir die taak. Ek beveel jou om dit uit te voer." Volahavana het aanvanklik gehuiwer en gesê sy is nog te jonk, maar die oomblik wat sy oorgegee het, het die krag van God oor haar gekom en het gelei tot herlewing wat 'n impak gemaak het op Madagaskar. Volahavana se storie is een van baie wat opgeteken is in die *Dictionary of African Christian Biography* ook genaamd *'the African Book of Acts'.* (info@joelnews.org, 13/12/11). ***Prys die Here dat Hy Homself aan die jong dame geopenbaar het. Bid dat sy en ander soos sy sal groei in die kennis van God die Vader en Jesus Christus wie Hy gestuur het. Bid dat die herlewing in Madagaskar sal uitbrei na ander areas.***

Bid vir jou gemeenskap: Graad 12 leerders – SA

Baie Graad 12's het so pas hulle uitslae gekry. (http://www.jwipn.com/daily_prayer_guides/DESEMBER.pdf, 14/12/11). ***Bid asseblief vir hulle, veral die wat nie geslaag het nie, dat hulle nie selfmoord sal pleeg nie. Bid vir die wat nog wag op 'n antwoord oor hulle studies of werk van volgende jaar. Vra dat die Here Homself aan baie jong mense sal openbaar as die fondasie van die ware lewe, terwyl hulle 'n heel nuwe seisoen in hulle eie lewens betree.***

Suid-Afrika: Viering van die Koningskap van Jesus

Die Liggaam van Christus in Bloemfontein open hul harte en wonings vir lede van die ANC terwyl hulle hul eeufees daar herdenk van 6-8 Januarie 2012. Die Vrydagaand sal daar 'n Christen nagwaak gehou word by die Potter's House tent wat om 18h00 begin. Daar sal daagliks uit die boek van Psalms, Spreuke en Jesaja gelees word en begin op Maandag 2 Januarie 2012 van 08h00 tot 18h00 op Sondag, 7 Januarie 2012. Vir meer inligting kontak Francois Marais, by gebed.prayer@gmail.com of skakel Lynette Bezuidenhout by 084 702 0310. Die deurnag gebedsinisiatief by Naval Hill sal gehou word van 18h00 op 6 Januarie 2012 tot 06h00 die oggend van 7 Januarie 2012. Die inisiatief is om die gebedsaltaar te versterk wat opgerig is op 3 November 2001. Suid-Afrikaanse leiers, intersessors en verteenwoordigers van verskeie rasse het op Naval Hill saamgekom om Suid-Afrika aan Jesus Christus op te dra. Gelowiges word uitgenooi om hierdie altaar te versterk, weer die Woord van God te verklaar as die geestelike en sosiale standaard van lewe in Suid-Afrika. Kontak Elizabeth Jordaan by ejord@mweb.co.za of 012 365 3213 vir meer inligting. (JWContactsSA@iemail.co.za, 02/12/11). ***Bid dat baie gelowiges in Bloemfontein hierdie inisiatief sal bywoon. Verklaar God se Woord oor Suid-Afrika: Ek sal Vrede as jou owerheid aanstel en Geregtigheid as jou bestuurders. Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie—van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Redding noem en jou poorte Lof.*** (**Jesaja 60:17b-18**).

Internasionaal: Malinese kinders gebruik as mynwerkers

Tussen 20 000 en 40 000 kinders werk in die goudmyne in Mali, Afrika se derde grootste produseerder van die kosbare metaal. Baie kinders werk met kwik, ’n giftige stof, om goud van die erts te verwyder. Kwik val die sentrale senuweestelsel aan en is veral skadelik vir kinders. Kinders dra vragte wat swaarder is as hul eie gewig, klim op onstabiele skagte, raak aan en asem kwik in – een van die giftigste stowwe op aarde. Kinders met wie onderhoude gevoer is kla van gereelde pyn in die rug, hoof, nek, arms en gewrigte, sowel as hoes en asemhalingskwale. Baie kinders werk saam met hul ouers om klein inkomstes te vermeerder terwyl ander self by die myne aangemeld het en deur familielede en vreemdelinge uitgebuit en mishandel word en hul betaling afrokkel. Sommige dogters word seksueel mishandel. (http://mg.co.za/article/2011-12-07-up-to-40-000-malian-children-used-as-miners, 07/12/11).
Bring hierdie kinders in gebed voor God en roep uit vir die redding van hul siele. Bid dat God vir hulle ’n weg uit hierdie omstandighede sal gee. Bid vir hulle wat siek is; dat God op ’n bonatuurlike manier vir hulle sal aanraak en genees. Bid vir die openbaring van God die Vader, dat hulle bewus sal wees van Sy Vaderliefde.

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com